| | | |
|---|---|---|
| CFP CULLINAN FOURWAYS PROPERTIES | **Kennisgewing van 'n Omgewingsgoedkeuringsproses ingevolge die Nasionale Omgewingsbestuurwet (Wet No. 107 van 1998) en die Nasionale Waterwet (Wet No. 36 van 1998) vir die Voorgestelde Sonkrag PV-projek op Rietfontein Plaas, Lephalale, Limpopo Provinsie.** | minds alike CONSULTANTS |

DFFE Verw. Nr: Re: 2024-01-0028; DWS Verw. Nr: Hangende; MAC Verw. Nr: 23-CFP-112

**Voorgestelde Projekbeskrywing**

Cullinan Fourways Eiendomme (Edms) Bpk stel voor om 'n Fotovoltaïese kragaanleg en geassosieerde infrastruktuur te ontwikkel op Rietfontein plaas No.360 LQ, in die Lephalale Plaaslike Munisipaliteit, van die wyer Waterberg Distriksmunisipaliteit, Limpopo provinsie. Die voorgestelde ontwikkelings grond area is ±196 hektaar en bestaan uit 'n Sonkrag PV-plaas/aanleg met 'n uitset van 200MW.

Minds Alike konsultante is aangestel om die Omvang- en Omgewingsimpakstudieproses (O&OIS) en geassosieerde Publieke Deelnemingsprosesse (PDP) wat vir die voorgestelde projek vereis word, uit te voer in lyn met die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA) (Wet 107 van 1998, soos gewysig). 'n Aansoek om Omgewings Goedkeuring is ingedien by die Bevoegde Owerheid en 'n Konsep Omvangverslag (KOV) is opgestel.

**Aktiwiteite waarvoor Omgewingsgoedkeuring versoek word:**

Die volgende gelysde aktiwiteite ingevolge die NEMA OIS Regulasies (2014, soos gewysig), is deur die projek geaktiveer:

- GN R327, 07 April 2017, Lyskennisgewing 1 - Aktiwiteite 11 en 56
- GN R325, 07 April 2017, Lyskennisgewing 2 - Aktiwiteite 1 en 15
- Artikel 21 van die NWA (Watergebruik Goedkeuring)

**Projekvordering en Deelname:**

U word hiermee uitgenooi om deel te neem aan die relevante omgewings goedkeurings belanghebbendes se betrokkenheids proses deur te registreer as 'n belangstellende en geaffekteerde party (B&GP) sowel as om enige kwessies of bekommernisse oor die voorgestelde omgewingsgoedkeuringsaansoeke te lig of voorstelle ten opsigte van die projek in te dien. As 'n geregistreerde B&GP sal u verdere inligting ontvang en op hoogte gehou word van die besluite wat deur die bevoegde owerhede geneem word.

Indien u as 'n B&B wil registreer of 'n agtergronddokument met addisionele besonderhede oor die projek en die omgewingsgoedkeuringsprosesse wil ontvang, kontak ons met behulp van die onderstaande besonderhede.

Die KOV is beskikbaar vir hersiening en kommentaar vanaf 21 Februarie 2024, kommentaar moet Minds Alike Konsultante binne 30 dae bereik (geen laat kommentaar sal oorweeg word nie). Die KOV kan vanaf 21 Februarie 2024 as volg verkry word:

- Elektronies deur die volgende skakel: https://www.mindsalikeconsultants.co.za
- Gedrukte kopie by die Lephalale Plaaslike Munisipaliteit se kantore

Om as 'n B&GP te registreer of vir inligting oor die KOV, Omgewingsimpakverslag, Watergebruiklisensieverslag en Ondersteunende Dokumentasie, kontak Minds Alike Konsultante deur die volgende skakel te gebruik:

- https://www.mindsalikeconsultants.co.za of
- Skandeer die QR-skakel

Stuur asseblief alle kommentaar direk aan Minds Alike Konsultante, soos volg:
Reatlegile Mashiteng, 083 280 2729, reatlegile@mindsalikeconsutlants.co.za of
Nonkululeko Mbasane, 072 172 8374, nonkululeko@beyondges.co.za
deur die verwysing 23-CFP-112 te gebruik.